| | | |
|---|---|---|
| | | **Posbus 902**<br>**HARTENBOS**<br>**6520** |
| **Vakansiedorp**<br>**Huiseienaarsvereniging**<br>**...vir die lede** | | **Tel : 071 784 5275**<br>E-pos: status1@status-mark.co.za<br>admin@hartenboshuiseienaars.co.za<br>www.hartenboshuiseienaars.co.za |

VOORSITTERSBRIEF

SEPTEMBER 2024

**Geagte Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaars**

Die jaar is amper verby en ons sien almal uit na die Kersseisoen en vakansie saam met ons geliefdes. Die Here het ons almal geseën en dit is vir my 'n voorreg om weer met u te kommunikeer as die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging (HVHV) voorsitter vir 2024.

Hartenbos Vakansiedorp moet een van die veiligste en mooiste plekke wees waar almal graag sal wil woon. Saam met 'n goeie HVHV bestuurspan, Mosselbaai Munisipaliteit en die ATKV, kan huiseienaars net gelukkig wees hier.

## 1. Jaarvergadering Desember 2024

Graag herinner ek julle aan 2024 se jaarvergadering op Maandag 30 Desember 2024 om 9:00 in die saal van die Laerskool Hartenbos.

Die jaarvergadering bied aan elke inwoner 'n geleentheid om ingelig te word oor die jaar se aktiwiteite en hoe hul geld aangewend is. Dis ook u geleentheid om positiewe voorstelle te maak tot voordeel van die HVHV en om 'n goeie bestuurspan te kies om dit uit te voer.

Neem asseblief kennis van die volgende:

Die konsep agenda sal op die webwerf beskikbaar wees vanaf 4 Desember 2024.

Addisionele items wat u op die agenda wil plaas vir bespreking tydens die jaarvergadering, moet asseblief voor 15 Desember 2024 gestuur word aan Franzelle by status1@status-mark.co.za of admin@hartenboshuiseienaarsvereniging.co.za. Die bestuur sal ook poog om, sover moontlik, hierdie aangeleenthede reeds voor die jaarvergadeirng aan te spreek en af te handel.

Graag nooi ek almal wat op die nuwe komitee van die HVHV wil dien vir 2025 om jul nominasie vorms te laat teken, die gedragskode te ondeteken en beide te stuur na Status Mark (e-pos adres hierbo) teen 20 Desember 2024.

## 2. Radynstraat

Radynstraat se water-probleem geniet dringende aandag en die betrokke partye vergader weer in Oktober 2024. Daar heers tans 'n goeie gees van samewerking tussen die partye om 'n werkbare oplossing te vind.

## 3. Grassny en Tuine

Die bespuiting van onkruid is afgehandel en alle gras is gesny. Ons waardeer Dirkie se toewyding en moeite om die areas netjies te hou. Hy sal voortaan ook sorg dat al sy werkers duidelik uitkenbaar is en dat hulle die nodige veiligheidsklere dra.

## 4. Finansiële state en begroting vir 2025

Die Finansiële state sal in Oktober 2024 voltooi word. Die begroting vir 2024/2025 is afgehandel deur die bestuur. Bestuur stel 'n R75 per huis per maand verhoging voor. Die nuwe heffing sal dus R725 per huis per maand wees plus die R4.50 per huis per maand ombudsman heffing, vir 'n totaal van R729.50 per maand per huis. Hoewel ons 'n besparing op sekuriteit gaan bewerkstellig, sal hierdie heffing die onvermydelike herseël van die pad en addisionele onderhoudswerk aan ons paaie moet dek.

Baie dankie aan al die lede wat gereeld hul heffings betaal en die wat dit sommer vooruit betaal. Dit verseker dat ons mooi dorp funksioneel en versorg bly. As blyk van ons waardering, bied die bestuur graag weer 10% afslag op die heffing indien lede hul 2024/2025 heffings en ombudsmanfooie ten volle betaal voor 30 November 2024. U betaal dus R725.00 x 12= R8700.00 – 10% = R7830.00 + (12 x R4.50) = R7 884 vir die hele jaar.

Tans staan ons uitstaande debiteure op R87 501.00. Dit bemoeilik ons beplanning en begroting vir projekte en beperk wat ons kan doen om te verseker dat ons dorp in tip-top toestand bly. Verder skep dit die onregverdige situasie waar nie-betalende lede voordeel trek uit ander se bydraes tot die heffingsfonds. Dit laat ons geen ander keuse as om hierdie uitstaande bedrae aan die prokureurs te oorhandig vir invordering nie.

## 5. Matrieksaamtrek

Ons wens alle matriekleerlinge voorspoed toe met hul finale eksamens in November 2024. Lede wat hul huise vir die Matriek saamtrek in Desember beskikbaar stel, bly verantwoordelik vir die nakoming van die gedragsreëls van die HVHV. Ons wil graag almal dié tyd saam met hulle geniet.

## 6. Hek - Mooinooientjiestraat

Die HVHV het reeds 'n versoek ingedien vir die voorgestelde oplig-hek in Mooinooientjiestraat en wag op finale goedkeuring deur die verkeersdartement. Daar is ook 'n moontlikheid om die hek liewer in Port Natal of Hartstraat op te rig. Indien u deel wil wees van hierdie beplanningsproses, ook toegang wil hê tot hierdie strate en bereid is om te deel aan die koste, kontak asb vir Franzelle by status1@status-mark.co.za / +27 (0)44 691 3054 om u na die betrokke persone te verwys.
Die bestuur het pro-aktief 'n hekbeleid opgestel. Dit is tans op ons webblad beskikbaar. Indien lede 'n hek in hul straat wil aanbring, moet alle lede van die betrokke straat hierdie beleid onderteken en daaraan voldoen.

## 7. Vullisverwydering

Die HVHV gaan weer reël vir addisionele vullisverwyderings op Vrydag 20 Desember 2024, 27 Desember 2024 en 3 Januarie 2024 en moontlik 10 Januarie 2025. **(Slegs** swartsakke met **huishoudelike afval** op hierdie dae**.)**

Ons vra asseblief u samewerking met die normale vullisverwydering wat sal voortgaan.

- Op Maandae word groen sakke met tuinafval en blou sakke met herwinbare afval - soos papier, plastiek, glas en blikke - opgelaai.
- Op Dinsdae word swart sakke met huishoudelike afval en polistireen opgelaai.

Sorg asseblief dat u die regte afval in die regte sakke plaas. Die Munisipaliteit sal GEEN sakke verwyder wat die verkeerde inhoud bevat nie.

Om ons mooi dorp netjies te hou, vra ons asseblief dat u sakke binne u erf sal hou tot sononder op die aand voordat die munisipaliteit dit kollekteer.

Ons wens u sterkte toe vir die res van die jaar.

Vriendelike groete